

Woensdag 26 November

Skrifgedeelte: Efesiërs 2:1-10

Fokusgedeelte: Efesiërs 2:5

Ons is uit genade deur Jesus Christus lewend gemaak

Julle was dood. Nou lewe julle. So drasties het dinge vir die gelowiges in Efese verander. Vroeër het hulle gelewe soos die sondige wêreld, het hulle hul laat lei deur die vors van die onsigbare magte, is hulle deur hulle eie sondige begeertes oorheers en het hulle gedoen net waartoe hulle luste hulle gelei het. Die gevolg is dat hulle deur God gestraf moes word. Dood. Nou is hulle opgewek uit die dood en het hulle 'n plek in die hemel. Lewe.

Wat het die groot verandering in hulle lewens gebring? Hulle is saam met Christus lewend gemaak. Christus Jesus het hulle saam met Hom opgewek uit die dood en saam met Hom 'n plek in die hemel gegee. God se goedheid is aan hulle bewys in Christus Jesus. Hulle het nou deel gehad in Christus Jesus.

Om in Christus Jesus te wees, beteken om in 'n lewende verhouding met Hom te wees. Om deel te hê aan Homself. Om in Christus Jesus te wees, is genade van God. Daar is geen duideliker Skrifbewys as juis vers 8 en 9 nie. Dit is 'n Godgegewe voorreg wat 'n mens nie kan verdien nie, wat nie uit die mens self opgekóm het nie en waarop geen mens uit homself trots kan wees nie. Hoewel baie van ons in gelowige huise grootgeword het en die goedheid van God in Jesus Christus ons lewe lank ken, mag ons nie die drastiese verandering wat Christus Jesus in ons lewe gebring het, miskyk of dit ooit as vanselfsprekend aanvaar nie. Ook ons is uit die dood opgewek om te lewe.

Dat ons hierdie voorreg besit, is alleen deur die genade van God in Jesus Christus.

Sing: Skrifberyming 1-1:1

Ds. HS (Fanie) Coetzee (Potchefstroom Die Bult)